NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

29 Januarie 2025

VAN: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

AAN: Predikante
Ringskommissies

**OMSENDSKRYWE 4/2025**

Geagte broers en susters,

## 10DE ALGEMENE DIAKENSVERGADERING EN UBI CARITAS-SIMPOSIUM 20 TOT 22 MAART 2025

Sedert 1998 vind die Algemene Diakensvergadering elke drie jaar plaas, en vanaf 2016 word dit voorafgegaan deur die Ubi Caritas-simposium oor Christelike barmhartigheid. Soos u weet het die 73ste AKV ’n besluit geneem dat die diakonaat deel moet uitmaak van die Algemene Kerkvergadering. Vanjaar is dus waarskynlik die laaste amptelike Algemene Diakensvergadering. Dit is egter nie die einde van die pad nie, maar eerder ’n oorgang daartoe dat ons roeping tot barmhartigheid meer na die sentrum van kerkwees moet beweeg.

Vanjaar het die datums só uitgewerk dat ons die 10de ADV en simposium oor ’n vakansiedag kan hou wat dit moontlik sal maak vir meer diakens en ander gelowiges om die simposium by te woon. Die program is soos volg:

| | |
|---|---|
| Donderdagaand 20 Maart: | Openingsaand: Ubi Caritas (in persoon en virtueel). |
| Vrydag 21 Maart: | Ubi Caritas-simposium (in persoon en virtueel). |
| Saterdag 22 Maart: | Amptelike vergadering: 10de ADV (slegs in persoon). |

Die geleentheid vind plaas by Gemeente Noordwestelike Pretoria te Van Riebeeckweg 644, Daspoort, Pretoria. Daar sal binnekort besonderhede deurgestuur word ten opsigte van gastehuise in die omgewing.

### Oproep na die 10de Algemene Diakensvergadering

Ordinansie 4.7.1 (i) en (ii) van die Kerkorde bepaal soos volg:

*Die Algemene Diakensvergadering word saamgestel uit*

*(i) twee afgevaardigde diakens uit elke ringsvergadering*
*(ii) een predikant uit die ring, benoem vir diakonale werksaamhede, alternatiewelik een van die predikante wat aan ’n gemeente(s) van die ring verbind is*

Hiermee word ringskommissies opgeroep om diakens en predikante dienooreenkomstig af te vaardig. Die geloofsbrief word hierby aangeheg vir voltooiing deur die ringskommissie, en moet die kantoor van die ADV bereik teen nie later nie as **28 Februarie 2025**. U kan dit uitdruk of elektronies voltooi, teken en aanstuur na elfrieda@nhk.co.za.

Die koste verbonde aan die vergadering is **R3 000.00 per ring**, en sluit middagetes en verversings in. Let asseblief daarop dat die koste per ring is en nie per afgevaardigde nie. Ringe sal daarvoor gefaktureer word deur die Sinodale Dienssentrum.

Beskrywingspunte vanaf ringsvergaderings en gemeentes moet asseblief voor 20 Februarie aangestuur word na gerhard@nhk.co.za.

Afgevaardigdes vanaf ringe moet asseblief vooraf registreer om administrasie te vergemaklik. Klik hier om die *Google Form*-registrasieblad te aktiveer. Let asseblief daarop dat dit moontlik is vir byvoorbeeld die ringskriba om al die afgevaardigdes van die ring te registreer, of elkeen kan dit self doen. Die registrasie vervang egter nie die geloofsbrief nie en dié moet steeds gestuur word.

Dit is verder belangrik om daarop te let dat die amptelike sitting op Saterdag 22 Maart net vir afgevaardigdes is, maar dat die Ubi Caritas-simposium op 20 en 21 Maart oop is vir alle belangstellendes.

## Ubi Caritas-simposium

Almal wat die Ubi Caritas-simposium in die verlede bygewoon het, het telkens geïnspireerd en toegerus daar weggestap. ***Alle gemeentes, predikante en alle gelowiges***, naby en ver, klein en groot, Hervormd of nie, kan deel wees hiervan, aangesien die simposium in persoon sowel as virtueel gaan plaasvind!

Die Ubi Caritas-simposium handel vanjaar oor die Groot Opdrag na aanleiding van Matteus 28: 16 tot 20, en beloof om ons op ’n praktiese wyse toe te rus en te inspireer om ons roeping te gehoorsaam en uit te leef soos ons deur ons daaglikse lewens *gaan*.

Alle belangstellendes wat die simposium in persoon wil bywoon, uitgesluit afgevaardigdes deur ringe, se simposiumfooi is R400.00 per persoon, wat etes en verversings insluit. Registrasiebesonderhede vir die simposium sal met ’n volgende skrywe deurgegee word.

Aan die predikante: Soos in die verlede, sal daar weer VBO-punte toegeken word.

Ons sien met groot verwagting uit na ’n inspirerende simposium wat ons gaan help om met nuwe ywer, gehoorsaam te wees aan ons barmhartigheidsroeping.

Saam in diens



**Ds Gerhard Stoltz**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering***

082 872 5236
gerhard@nhk.co.za

***Ons dien, gehoorsaam aan God.***